

**Maandag 2 Mei**

**Skrifgedeelte: Eksodus 31:1-11 (1953-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Eksodus 31:3**

**Vryheid van spraak onderworpe aan die Heilige Gees**

Die Here het aan die mens verskeie gawes en talente gegee. Dit sluit in die vermoë om kunswerke te skep, of om wetenskaplike toepassings te maak, of om briljant te skryf en te dig.

Nie alle mense gebruik hierdie kreatiewe vermoë tot eer van God nie. Daarom kry jy kuns wat aanstoot gee, wysheid wat die sonde voorpraat, wetenskap wat in sy toepassing God uitdaag, ensovoorts.

Wanneer God iemand met sy Gees vervul of letterlik, vol maak, dan lê die Gees beslag op daardie persoon se talent en vermoë om 'n produk te lewer wat God vereer en sy wil reflekteer.

God het die tabernakel self ontwerp en die fynste detail daarvan met simboliek gelaai. God wil dus ambagsmanne en kunstenaars gebruik wat nie aan hulle eie verbeeldingsvlugte uiting gee nie, maar aan God se simboliek uiting gee. Met hierdie doel voor oë roep God vir Besáleël en vul hom met die Heilige Gees.

Op dieselfde wyse wil die Heilige Gees jou vervul om ook jou kuns, jou wetenskap en jou daaglikse werk so te doen dat God daardeur vereer sal word. Dit beteken dat jy nie alles wat in die wêreld voorkom, wil en hoef uit te beeld nie ... ons roeping is om met ons werk en met ons selfone en wat ookal, die mense om jou tot seën te wees.

Efesiërs 5:3, 4: *Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam; ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging.* Met ander woorde, jou vryheid van spraak en van uitdrukking bly steeds onderworpe aan die Heilige Gees wat Hom nie verlustig in die werke van die duisternis nie, maar wat vrug wil dra in jou lewe as werke van die lig!

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. CJ van Vuuren (Christo) (Hartbeespoort)*